# Voortreflik!

Hebreërs 8:6-13



# Hebr 8

**6Maar nou het Jesus 'n meer verhewe bediening verkry, in dié sin dat Hy ook Middelaar is van 'n *uitnemender verbond*, wat op grond van *uitnemender beloftes* regsgeldigheid verkry het.**

**7Want as daardie eerste een foutloos was, sou daar nie behoefte gewees het aan 'n tweede een nie. 8Hy vind inderdaad fout met hulle wanneer Hy sê: "Kyk daar kom dae, sê die Here,**

**dat Ek met die huis van Israel en met die huis van Juda**

**'n nuwe verbond sal sluit.**

# Hebr 8

9Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorouers
gesluit het op die dag toe Ek hulle met my hand gegryp het om
hulle uit Egipte uit te lei nie; want hulle het nie by my verbond
gebly nie, en Ek het hulle geïgnoreer, sê die Here. 10Dit is dan
die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Israel sal
sluit, sê die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee,

en op hulle harte sal Ek dit neerskryf.

Ek sal vir hulle 'n God wees,

en hulle sal vir My 'n volk wees.

# Hebr 8

11Niemand sal meer sy medeburger of sy broer onderrig en sê,


‘Ken die Here!’ nie, omdat hulle almal My sal ken,


van die kleinste tot die grootste onder hulle.

12Ek sal genadig wees oor hulle ongeregtighede,

en aan hulle sondes sal Ek glad nie meer dink nie.”

13Deur te praat van 'n nuwe verbond, het Hy die eerste een
verouderd verklaar. En wat verouderd verklaar en afgeleef is, is
naby aan verdwyning.





# Gooi die OT weg!?

Ou Verbond is verby

Ou Testament het gesag

# Lees die Bybelteks in die progressiewe lyn van God se openbaring

In Sy wysheid het God gekies om Homself stelselmatig te openbaar in die Skrif. Die Bybel is nie ‘n sistematiese teologie handbook met netjies uitgewerkte leerstellings op alle en elke tema nie. ’n Vroeëre openbaring in die Skrif mag dus uitgebrei of selfs vervang word deur ‘n nuwe openbaring. Alles m.b.t. ‘n bepaalde onderwerp in die Skrif moet verreken word in die vasstel van die betekenis van die onderwerp.



# Ou Testament en Nuwe Testament?

Nie nuwe godsdiens nie!

Nie nuwe God nie!

3x heilige, 3-enige God





# B.B. Warfield

"The Old Testament may be likened to a chamber richly furnished but dimly lit. The introduction of light brings into it nothing which was not in it before: but it brings out into clearer view much of what is in it, but was only dimly or even not at all perceived before. The mystery of the Trinity is not revealed in the Old Testament; but the mystery of the Trinity underlies the Old Testament revelation, and here and there almost comes into view. Thus the Old Testament revelation of God is not corrected by the fuller revelation which follows it, but only perfected, extended and enlarged."

# Ons belydenis oor God

**NGB (Art 1): Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike**

**Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, *onveranderlik*, oneindig, almagtig,**

**volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.**

# Ons belydenis oor God

**NGB (Art 8): Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige Wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat hulle nie met mekaar deel nie. Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge. Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader. Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uitgaan.**

**Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeel is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, deur sy eienskappe op so 'n wyse onderskei dat hierdie drie Persone slegs een enige God is.**

# Ons belydenis oor God

Dit is dus

duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige

Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie. Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is,

nie gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie. Want die Vader en die Heilige Gees het nie vlees

aangeneem nie, maar slegs die Seun. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie,

want al drie is van gelyke ewigheid in een en dieselfde Wese. Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie,

want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid.

# Ou Testament en Nuwe Testament?

<u>Kontinuïteit</u>: bevestig ons in die evangelie & lewe volgens God se wil in te rig (tien gebooie en die wil en karakter van God)

<u>Diskontinuïteit</u>: The Lord Jesus is the direct and only fulfilment of all the sacrifices and ceremonial aspects and priesthood of the old covenant (Brown)



## NGB (Art 25): DIE SEREMONIËLE WET IN CHRISTUS VERVUL

Ons glo dat die seremonies en heenwysings van die Wet met die koms van Christus opgehou het

en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het. Die gebruik daarvan moet derhalwe onder die

Christene afgeskaf word. Die waarheid en inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus

bestaan: in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling. Ons gaan ook nog


voort om die getuienisse van die wet en die profete te gebruik om ons in die evangelie te bevestig

en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig.

# Verbond

**Die manier waarop God Sy Woord en plan openbaar in die Bybel, is deur die struktuur van verskeie verbonde**


**Verbond word gewaarborg deur God se beloftes; ritme: belofte en vervulling daarvan**



# Nuwe Verbond

"Maar nou het Jesus"; iets radikaal het in en deur Christus gebeur

Moses se wet van werke is aan die verbygaan (reeds vanaf Jeremia se tyd word dit duidelik)



# 3 vrae

- Waarom is die nuwe verbond nodig?
- Watter tipes verbond vind ons in die Skrif?
- Hoekom is die nuwe verbond beter?

# Waarom is die nuwe verbond nodig?

1) Nie perfek
2) Magteloos
3) Uitgedien





## Waarom is die nuwe verbond nodig?

1) Nie perfek: nie God se morele wet nie; inteendeel: in Matt 5:20-48 selfs ‘n hoër standaard verwag van gelowiges; wel die seremoniële wette



# Waarom is die nuwe verbond nodig?

2) Magteloos: kon slegs die rigting aandui; magteloos om die krag te voorsien om dit uit te voer

Die nuwe verbond voorsien die krag

# Waarom is die nuwe verbond nodig?

3) Die ou verbond was nie meer in gebruik nie; uitgedien!



# Verbond in die Skrif

**A) Verbond van verlossing:**

**God se verlossingsplan is van alle ewigheid af in plek en daar is volledige eensgesindheid daaroor tussen die Vader, en die Seun en die Heilige Gees: Hebr 7:22Daarvolgens (orde van Melgisedek) het Jesus ook borg van 'n beter verbond geword.**











## Verbond in die Skrif

**<u>B) Verbond van werke/skepping:</u>**

**Tussen God en Adam voor die sondeval mbt die skepping; verbond tussen God en alle mense**

# Verbond in die Skrif



<u>C) Verbond van genade (ou en nuwe verbond);</u>

**Na die sondeval maak God ‘n verbond om die mensdom te verlos van die gevolge van sonde en om Sy skeppingsdoel te vervul: Gen 3:1515En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt; dmv belofte, wet, offerkultus, Christus**

# Verbond van genade

Noag

Abraham

Moses

Dawid

Jesus













# OORDEEL & VERLOSSING

WATER

# Noag (2500 v.C.)

Gen 9:8Toe sê God vir Noag en sy seuns by hom: 9“En Ek, kyk, Ek sluit my verbond met julle en julle nageslag ná julle, 10en met alle lewende wesens wat by julle is – voëls, mak diere, al die wilde diere van die aarde by julle – met alles wat uit die ark uitgegaan het, naamlik al die diere op die aarde. 11Ek sluit my verbond met julle: Nooit weer sal alle vlees deur die waters van die vloed uitgeroei word nie; ja, daar sal nie weer 'n vloed wees om die aarde te verdelg nie.” 12God het gesê: “Dit is die verbondsteken wat Ek plaas tussen My en julle en al die lewende wesens by julle, vir toekomende geslagte: 13My boog plaas Ek in die wolke. Dit sal dien as teken van die verbond tussen My en die aarde.



# Noag: belofte & teken

# OORDEEL & VERLOSSING

## BLOED



# Abraham (2081 v.C.)

**Nasionaal:**

**Gen 15:8Hy het gevra: “Here, my Heer, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem?” 9Toe sê die Here vir hom: “Bring vir My 'n drie jaar oud verskalf, 'n drie jaar oud bok, 'n drie jaar oud skaapram, 'n tortelduif en 'n jong duif.” 10Abram het dit alles vir Hom gebring en middeldeur gesny. Toe plaas hy die dele teenoor mekaar. Die voëls het hy egter nie deurgesny nie. 11Roofvoëls het op die dooie diere toegesak, maar Abram het hulle verwilder ...**

# Abraham (2081 v.C.)

*Gen 15:17Toe die son ondergegaan het, en dit skemerdonker was – kyk, toe is daar die rook van 'n oond en die vuur van 'n fakkel wat tussen daardie stukke deurbeweeg*.18Op daardie dag het die Here met Abram 'n verbond gesluit: “Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier – 19die gebied van die Keniete, Kenissiete, Kadmoniete, 20Hetiete, Feresiete, Refaïete, 21Amoriete, Kanaäniete, Girgasiete en Jebusiete.”

# Abraham

**Internasionaal:**

**Gen 17:3 ... God het met hom gepraat: 4“Wat My betref, kyk, my verbond met jou is: Jy sal die vader van 'n menigte nasies word ...**

**7Ek sal my verbond tussen My en jou en jou nageslag ná jou handhaaf, deur hulle geslagte heen, as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou. 8Ek gee aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap, die hele land Kanaän, as eiendom vir altyd, en Ek sal vir hulle 'n God wees.” 9God het ook vir Abraham gesê: “En jy, my verbond moet jy nakom, jy en jou nageslag ná jou deur hulle geslagte heen.**

# Abraham

10En dit is my verbond tussen My en julle en jou
nageslag ná jou wat julle moet nakom: Elke manlike
persoon onder julle moet besny word. 11Julle moet
besny word aan die vlees van julle voorhuide. Dit sal
dien as teken van die verbond tussen My en julle.
12Op die ouderdom van agt dae moet elke manlike
persoon by julle besny word, deur al julle geslagte
heen – ook 'n kind uit die huishouding, en dié wat met
geld gekoop is van enige vreemde en wat nie deel is
van jou nageslag nie.




# Abraham: belofte & tekens

# Moses (1446 v.C.)

**Belofte: Wet & Sermonie/offerkultus & Priesters**

**Eks 19:5As julle dan nou getrou luister na my stem en my verbond nakom, dan sal julle onder al die volke my persoonlike eiendom wees, al behoort die hele aarde aan My. 6Vir My sal julle 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees.' Dit is die woorde wat jy aan die Israeliete moet oordra."**

**Lev 16:34Dit is 'n voorskrif wat altyd vir julle geld: Een keer per jaar moet daar vir die Israeliete versoening gedoen word vir al hulle sondes.**



# Moses: belofte en tekens

# Dawid (1000 v.C.)

**2 Samuel 7:11Die Here maak aan jou bekend dat Hy, die Here, 'n huis vir jou sal oprig.**

**2 Sam 7:16Jou huis en jou koningskap sal vir altyd bestendig wees voor My, jou troon sal vir altyd in stand bly.**



# Dawid: belofte en teken

# Christus Jesus

**<u>Lukas 3:</u>**

**Jesus as seun van God, Adam, Noag, Abraham, Dawid!**

# Christus Jesus

<u>Adam</u>: 1 Kor 15:45So staan daar immers geskryf: “Die eerste mens, Adam, het 'n lewende wese geword.” Die laaste Adam het egter 'n lewendmakende Gees geword.

<u>Abraham</u>: Gal 3:16: En die beloftes is aan Abraham en sy Saad toegesê. Daar staan nie “en aan die sade” soos wat 'n mens na baie sou verwys nie, maar soos wat 'n mens na een verwys: “en aan jou Saad” – dit is Christus.

<u>Moses</u>: Matt 17:2Voor hulle het Hy van gedaante verander: Sy gesig het gestraal soos die son, en sy klere het skitterend wit geword soos die lig. 3En kyk, Moses en Elia het aan hulle verskyn en was met Hom in gesprek.

# Christus Jesus

**Dawid: Mark 12:35Ná hierdie antwoord van Hom het Jesus op die tempelterrein onderrig gegee en gesê: "Hoe is dit dat die skrifkenners sê dat die Christus Dawid se seun is? 36Dawid self het deur die Heilige Gees gesê:**

**" 'Die Here het vir my Here gesê:**

**Sit aan my regterhand**

**totdat Ek jou vyande onder jou voete geplaas het. '**

**37"Dawid self noem Hom 'Here'. Hoe kan Hy dan sý seun wees?" Die groot skare het graag na Hom geluister.**

# Christus Jesus

**Nuwe verbond: Hebr 8:6Maar nou het Jesus 'n meer verhewe bediening verkry, in dié sin dat Hy ook Middelaar is van 'n uitnemender verbond, wat op grond van uitnemender beloftes regsgeldigheid verkry het.**

# Christus Jesus

<u>Toekomstige, hoopvolle vooruitsig</u>: Openbaring 21:3Ek het toe 'n harde stem van die troon af hoor sê:

"Kyk, God se woonplek is by die mense.

En Hy sal by hulle woon;

hulle sal sy volke wees,

en God self sal by hulle wees as hulle God."

# Christus Jesus

**Openbaring 22:3Daar sal geen vloek meer wees nie. Die troon van God en die Lam sal in die stad wees, en sy diensknegte sal Hom dien. 4Hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam is op hulle voorkoppe. 5Daar sal ook nie meer nag wees nie. Die behoefte aan die lig van 'n lamp en die lig van die son sal nie meer bestaan nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en hulle vir ewig en ewig as konings sal heers.**

# Christus: beloftes en tekens

Water

Bloed

Gees


Adobe Stock | #113838420

# Waarom is die nuwe verbond beter?

Hebr 8:6-9:14:

Nuwe verbond is beter as die ou verbond op grond van 3 dinge:

1) Beloftes (8:6-13)

2) Noodsaaklikheid

3) Effek

# Dink glad nie meer aan ons sondes nie

**Dissipline, nie veroordeling nie!**

**Hebr 12:5… “My seun, moenie die dissiplinering van die Here geringskat nie, en moenie moedeloos word wanneer jy deur Hom bestraf word nie;
6want die een vir wie die Here liefhet, tug Hy, en Hy straf elke seun wat Hy aanneem.”
7Verdra dit as tugtiging, want God behandel julle as sy seuns. Want watter seun word nie deur sy vader getug nie?
8Maar as julle sonder tugtiging is, waaraan almal deel gehad het, dan is julle oneg, en nie egte seuns nie.**



# Skryf Sy wet op ons hart en verstand

Werk van die Gees

Esg 11:19Ek sal vir hulle 'n onverdeelde hart gee. 'n Nuwe gees sal Ek in hulle binneste laat posvat. Ek sal die hart van klip uit hulle liggame verwyder, en Ek sal vir hulle 'n hart van vlees gee, 20sodat hulle my vaste voorskrifte sal volg en my beslissings sal nakom en uitvoer. Hulle sal vir My 'n volk wees en Ek sal vir hulle 'n God wees.



# Almal sal Hom ken: van die kleinste tot die grootste

**Deurbreek mensegemaakte grense van binne en buite:**

**Gal 3:28Daar is nou nie meer Jood of Griek,**

**nie meer slaaf of vryman,**

**nie meer manlik en vroulik nie;**

**want julle almal is één**

**in Christus Jesus!**





# Voortreflik!

Nuwe verbond is:

Versoenend (Israel en Juda)

Innerlik

Universeel

Vrygewig-genadig

Seker



# 2 Kor 3

6Hy het ons bekwaam gemaak om bedienaars van 'n nuwe
verbond te wees – nie van die letter nie, maar van die Gees.
Want die letter maak dood, maar die Gees maak lewend.

7As die bediening van die dood, wat met letters op klippe
gegraveer is, met soveel heerlikheid tot stand gekom het dat die
kinders van Israel nie stip na die aangesig van Moses kon kyk
nie, weens die glans op sy gesig, wat tog aan die verbygaan was
– 8hoeveel te meer sal die bediening van die Gees nie in
heerlikheid wees nie? 9Want as daar heerlikheid was in die
bediening wat lei tot veroordeling, soveel oorvloediger in
heerlikheid is die bediening wat lei tot regverdiging!